

SARS stel belastingseisoensperdatum uit

Tshwane, 23 November 2021 - Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) is dankbaar oor die oorweldigende reaksie wat van belastingpligtiges ontvang is wat hul persoonlike inkomstebelastingopgawes sedert 1 Julie vanjaar ingedien het.

SARS bedank belastingpligtiges wat aggee op ons strategiese oogmerk van die kweek van 'n kultuur van vrywillige nakoming.

Om meer belastingpligtiges die geleentheid te gun om hul wetlike verpligtinge na te kom, het SARS egter besluit om die belastingseisoensperdatum vir nievoorlopige individuele belastingpligtiges van 23 November na 2 Desember 2021 uit te stel.

SARS is deeglik bewus van stelselprobleme wat die organisasie ondervind het, asook die impak wat beurtkrag op belastingpligtiges gehad het wat dit moeilik gemaak het om opgawes in te dien.

Daarom sal die datum vir die hef van boetes en rente op belastingpligtiges wat nog nie hul opgawes ingedien het nie, uitgestel word en eers in Januarie 2022 ingestel word.

Ons moedig belastingpligtiges aan om gebruik te maak van ons gerieflike digitale kanale soos eFiling, SARS MobiApp, asook die SMS-diens met die nommer 47277. Deur 'n SMS na hierdie nommer te stuur, kan belastingpligtiges 'n afspraak maak by 'n SARS-tak, nagaan of hy/sy wel 'n opgawe moet indien, en ander dienste.

Die SARS-webtuiste is ook opgegradeer om selfs meer digitale dienste aan belastingpligtiges te beskikbaar te stel. Vir meer inligting oor hierdie dienste, besoek www.sars.gov.za.

SARS bly daartoe verbind om dit eenvoudig en maklik te maak vir belastingpligtiges om hul wetlike verpligtinge na te kom en hoop dat die uitstelling van die belastingseisoensperdatum groter nakoming onder belastingpligtiges sal aanmoedig.

Vir meer inligting, kontak ons by SARSMedia@sars.gov.za.